# Via Lucis

## *Die Weg van Lig anderkant die Kruis*

Die 14 stasies van Paasfees tot Pinkster

***INSTRUKSIES***
*By elke stasie:*

*1.* Die gebeure word aangekondig.
*2. Kort gesang:*
***Ons aanbid U en prys U Here Jesus Christus.***
***- Want deur U opstanding vervul U ons met hoop en vreugde, hallelujah!***
*3.* Die leier lees ‘n kort skriflesing.
4 Almal neem deel aan die kort gebed na die uitnodiging: Laat ons bid…
5. Almal sing saam met die kort gesang na die uitnodiging: Laat ons sing…

**Inleiding**

***“God het Jesus uit die dood opgewek. Oor verskeie dae heen het Hy verskyn aan hulle wat saam met Hom van Galilea na Jerusalem gereis het en wat nou as sy getuies teenoor die volk optree. En ons verkondig aan julle die goeie boodskap dat God die belofte wat aan die voorvaders gemaak is, vir ons, hulle kinders, vervul het deurdat Hy Jesus laat opstaan het.”***
***(Handelinge 13:30-33)***

# 1. Eerste Stasie:

## Die vroue ontdek dat die graf waarin Jesus gelê het, leeg is.

*Teen dagbreek, op die eerste dag van die week, het die vroue na die graf gegaan met die geurige speserye wat hulle voorberei het. Hulle het ontdek dat die klip van die graf weggerol was, en toe hulle ingaan, het hulle die Here Jesus se liggaam nie gekry nie. Hulle was verward hieroor, maar skielik het daar twee mans met glansende klere by hulle gestaan en vir hulle gesê: "Waarom soek julle die lewende by die dooies? Hy is nie hier nie, maar is opgewek." (Lukas 24:1*-9)

**Laat ons bid:**



Opgestane Jesus Christus,
U opstanding is waarlik goeie nuus. Ons loof en prys U oorwinning oor sonde en oor die dood! U opstanding bring ons hoop, verlossing en die begin van 'n nuwe lewe in U! Help ons om te groei in die oortuiging dat ons lewe aan die einde nie tot 'n einde kom nie, maar slegs verander word. Amen.

**Laat ons sing**:

(Tune: Jesus Christ is risen today CH 153)

Christus het vandag verrys,
*hallelujah!*
Heilige oorwinningsdag,
*hallelujah!*
Hy het aan die Kruis gesterf,
*hallelujah!*
Dat ons lewe kan beërf, *hallelujah!*

# 2. Tweede Stasie

## Petrus en Johannes hardloop na die graf.

*Petrus en Johannes het saam gehardloop na die graf. Toe hulle die graf binnegegaan het, sien hulle die linnedoeke lê. Hulle het gesien en het geglo.*
*(Johannes 20:3-9)*



### Laat ons bid:

Opgestane Jesus Christus,
Terwyl ons voor U leë graf staan, nooi U ons uit om dit wat Petrus en Johannes beleef het, ook te belewe. Terwyl ons die geheimenis van U dood en opstanding bepeins, gee ons die genade om die bloed waardeur ons verlos is, en die Gees waardeur ons in U hergebore is, beter te verstaan. Amen.


### Laat ons sing:

(Tune: Jesus Christ is risen today CH 153)

Laat ons lofgesange sing, *halleluja!*
Hulde aan ons Koning bring, *halleluja!*
Aan die Kruis het Hy gely, *hallelluja!*
Dat Hy sondaars kan bevry, *hallelujah!*

# 3. Derde Stasie

## Jesus verskyn aan Maria Magdalena.



*Maria het buitekant die graf gestaan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor na die graf toe gebuk, en twee engele met wit klere daar sien sit waar die liggaam van Jesus gelê het. Hulle sê toe vir haar: "Vrou, waarom huil jy?"*
*Sy antwoord hulle: "Hulle het my Here weggevat en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie." Sy het omgedraai en Hom daar sien staan, maar nie besef dat dit Jesus was nie. Sy het gedink Hy is die tuinier en sê toe vir Hom:*
*"Meneer, as u Hom verwyder het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem." Jesus sê vir haar: "Maria!"*
*Sy draai toe om en sê vir Hom "Rabboni!" Dit beteken Leermeester.*


**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
U het Maria Magdelena die geleentheid gegee om die eerste getuie van U opstanding te wees, en U het haar 'n opdrag gegee om die boodskap te verkondig. Net soos Maria, roep U elkeen van ons by ons naam, en vra ons om die goeie boodskap aan almal wat ons ontmoet, oor te dra. Help ons om dit moedig te doen. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: The day of resurrection CH 302)

O Dag van weeropstanding
Deur God verordineer!
Die Pasga van ons blydskap,
Die Pasga van die Heer!
Uit dood tot lewe ewig
Sal God ons laat verrys
En opvaar na die hemel
En Hom vir ewig prys!

# 4. Vierde Stasie

## Jesus loop saam met die twee dissipels op pad na Emmaus.



*Jesus sê vir hulle: "Waaroor loop julle so met mekaar en redeneer?"*
*Hulle het gaan staan, hulle gesigte somber. Een van hulle, met die naam Kleopas, het hom geantwoord: "Is u die enigste vreemdeling in Jerusalem wat nie weet van die dinge wat in hierdie dae in die stad gebeur het nie?" Hy vra hulle: "Watter dinge?" Toe sê Hy vir hulle: "O, hoe sonder begrip en traag van hart is julle, dat julle nie alles wat die profete gesê het, glo nie!" Hierna het Hy begin om al die Skrifte oor Hom, vanaf Moses en die Profete, vir hulle uit te lê.*
*(Lukas 24: 13-27)*


**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
U het by U twee dissipels aangesluit toe hulle in hulle verwarring probeer het om van alles af weg te loop. U het hulle gehelp om die ware betekenis van die gebeurtenisse wat hulle so ontstel het, te verstaan. Hulle uitnodiging "Bly by ons" word ons gebed. Help ons om U te herken in diegene wat langs ons loop in die tye van moeilikheid. Amen.

**Laat ons sing:** (Tune: Bring, all ye dear-bought nations CH 38)

Kom, almal, laat jul stem verrys!
Kom, laat ons die Verlosser prys.
Halleluja! Halleluja!
Die Heer laat duisternis verdwyn:
Hy is die lig wat helder skyn;
Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

# 5. Vyfde Stasie

## Jesus word herken met die breek van die brood.



*Toe hulle nader kom by die dorpie waarheen hulle op pad was, het Jesus voorgegee dat Hy verder wil reis. Maar hulle het sterk by Hom aangedring: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is reeds verby." Hy het toe ingedraai om by hulle oor te bly. Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, het Hy die brood geneem, die seëngebed uitgespreek, dit gebreek en vir hulle gegee. Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken. Hy het egter uit hulle sig verdwyn. En hulle het vir mekaar gesê: "Het ons harte nie in ons gebrand toe Hy met ons langs die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"*
*(Lukas 24:28-35)*


**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
Toe die twee dissipels U met die breek van die brood herken het, het hulle ook hulle self herken. Hulle was nog steeds U dissipels. U woorde het hulle geloof in U herstel. Elke keer wanneer ons die Eucharistie vier, nooi U ons uit om weer as U volgelinge herstel te word terwyl ons na U woord luister en deelneem aan U Liggaam en Bloed.  Amen.

**Laat ons sing**: (Tune:  Christ the Lord is risen today  CH 44)

Christus het vandag verrys,
Christene, laat ons Hom prys.
Lê jul huldiginge neer
By die voete van ons Heer.
Want die Lam moes boete doen,
Om die skape te versoen.
Maar Hy het weer opgestaan
En die lewe ingegaan.

# 6. Sesde Stasie

## Jesus verskyn aan ‘n groep van die Apostels agter geslote deure.



*Terwyl hulle nog besig was om oor hierdie dinge te praat, staan Jesus tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle!” Verskrik en beangs het hulle gedink dat hulle ‘n gees sien. Maar Hy sê vir hulle: “Waarom is julle ontsteld, en waarom kom daar twyfel in julle harte? Kyk na my hande en voete, dit is Ekself! Vat aan my en kyk, ‘n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.”*
*Omdat hulle dit van vreugde steeds nie kon glo nie en verbaas was, sê Hy vir hulle: “Het julle iets te ete hier?” En hulle het Hom ‘n stuk geroosterde vis gegee. Hy het dit geneem en voor hulle geëet.*
*(Lukas 24:36-43)*

**Laat ons bid:**

Opgestane Jesus Christus,
ons vind dit nog steeds moeilik om aan U en ons eie opstanding te glo.
Help ons in ons ongeloof. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: All glory, laud and honour (CH no. 8)

Ons hoor die Paasfeesklokke.
Die Heer het opgestaan!
Hy het vir al ons sonde
Hom aan die kruis laat slaan.
In Hom is nuwe lewe,
Sy graf is leeg en oop.
Hy gaan ons voor – verheerlik –
En ons kan op hom hoop.

# 7. Sewende Stasie

## **Jesus bemagtig sy dissipels om sondes te vergewe.**



*Jesus het toe gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê:*
*"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! As julle mense se sondes vergewe, is dit hulle vergewe; as julle dit van hulle weerhou, bly dit van hulle weerhou."* *(Johannes 20:21-23)*

**Laat ons bid:**


Opgestane Jesus Christus,
U het aan die apostels verskyn en op hulle die Heilige Gees geblaas.
Stort U helende Gees oor ons uit, sodat ons kan aangaan met U boodskap van vergifnis aan ons gewonde wêreld te verkondig. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: All creatures of our God and King CH 4)

Loof Hom wat die oorwinnaar is
Oor magte van die duisternis
. Halleluja! Halleluja!
Hy gee die gawe van Sy Gees,
stuur Hom om ons tot troos te wees.
Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

# 8. Agtste Stasie

## **Jesus versterk Thomas se geloof.**



*Thomas was nie by hulle toe Jesus gekom het nie. Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!" Maar hy wou dit nie glo nie.*
*Agt dae later was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. Terwyl die deure gesluit was, het Jesus gekom en in hulle midde gaan staan en gesê:*
*"Vrede vir julle!" Daarna sê Hy vir Thomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande, en bring jou hand en steek dit in my sy; moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig." Thomas het Hom geantwoord: "My Here en my God!"*
*Jesus sê vir hom: "Glo jy omdat jy My gesien het? Geseënd is hulle wat nie gesien het nie en tog geglo het." (Johannes 20:24-29)*

**Laat ons bid**:
Opgestane Jesus Christus,
U het Thomas se geloof in U as die verrese Here hernu.
Sy geloof is die geloof van die Kerk.
Bewaar die kerk wat U op die apostels gebou het,
verdiep ons geloof in U uiteindelike oorwinning,
en help ons om in die hoop op U wederkoms krag te skep. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: To God be the glory CH no. 803)


Volmaakte verlossing: o duur was die prys!
Vir elkeen wat glo, word genade bewys;
Besoedelde sondaars verlos Hy sodra
Hul kniel by die Kruis om vergifnis te vra.

*Prys die Heer! Prys die heer!*
*Laat die aarde getuig!*
*Prys die Heer! Prys die Heer!*
*Laat die mensdom nou juig.*
*O kom tot die Vader deur Jesus die Seun,*
*En gee Hom die ere Hy't wonders gedoen.*

# 9. Negende Stasie

## Jesus verskyn by die strand van die See van Tiberias.

*Simon Petrus sê vir die ander dissipels: "Ek gaan visvang."*
*Hulle sê vir hom: "Ons gaan saam met jou." Hulle het uitgegaan en in die skuit geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie. Teen dagbreek het Jesus op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Jesus is nie.*
*Jesus vra hulle toe: "My kinders, julle het seker niks om te eet nie?"*
*Hulle antwoord Hom: "Nee." Hy sê toe vir hulle: "Gooi die visnet uit aan die regterkant van die skuit, en julle sal kry."*
*Hulle het dit toe gegooi, en vanweë die groot klomp vis was hulle nie in staat om dit in te trek nie.*
*Daarop sê die dissipel – die een vir wie Jesus liefgehad het – vir Petrus:*
*"Dit is die Here!"*
*(Johannes 21:1-19)*



**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
In die teken van so 'n menigte vis by mekaar in die enkele, ongebroke visnet, openbaar U vir ons U wens dat alle mense van alle nasies in een heilige volk verenig sou word.
Net soos U vir U dissipels gewys het hoe om so 'n groot vangs te bemaak, gee ook vir ons U leiding op die weg na eenheid.  Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: Bring all ye dear-bought  CH 38)

Kom, almal, laat jul stem verrys!
Kom, laat ons die Verlosser prys.
Halleluja! Halleluja!
Die Heer laat duisternis verdwyn;
Hy is die lig wat helder skyn;
Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

# 10. Tiende Stasie

## Jesus gee Petrus die opdrag om vir sy kudde, die Kerk, te sorg.



*Toe vra Jesus vir Petrus drie keer: "Simon, seun van Johannes, het jy My werklik lief, meer as hulle?"*
*Hy sê vir Hom: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."*
*Jesus sê vir hom: "Pas my lammers op! Laat my skape wei."*
*(Johannes 21:15-18)*

**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
U het vir Petrus wat U drie keer verloën het, nie net vergewe nie,
maar hom selfs benoem om die leier van U volgelinge te wees en die herder van U kudde. Nadat hy homself opnuut aan U toevertrou het
om U tot die dood toe lief te hê, het hy die opdrag aanvaar om U kudde te lei
dat hulle genesing vind deur U liefdevolle vergifnis.
Mag die opvolgers van Petrus voortgaan om U kerk te bewaar
op die weg van waarheid en lewe, en mag ook ons getrou bly
in die vervulling van ons missie om die blye boodskap van saligmaking
te versprei. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: Alleluia, sing to Jesus CH 7)

Halleluja, lof aan Jesus.
Septer kom Hom toe, en troon.
Halleluja! Hy's oorwinnaar,
Laat ons Hom as Koning kroon.
Luister na die lied van Sion,
Klink dit soos 'n magtig' vloed!
Want uit elke taal en nasie
Het Hy ons verlos met bloed.

# 11. Elfde Stasie

## Jesus oorhandig aan Sy dissipels Sy evangelie vir die hele wêreld.



*Jesus sê toe vir hulle: "Gaan die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal verlos word, maar wie nie tot geloof gekom het nie, sal veroordeel word. Hierdie tekens sal hulle wat tot geloof gekom het, vergesel: in My naam sal hulle demone uitdryf, in nuwe tale praat, en slange met hulle hande optel; as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle nie kwaad aandoen nie, en op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word".*
*(Markus 16:15-18)*

**Laat ons bid:**
Opgestane Jesus Christus,
U het U dissipels gehelp
om die wonderlike misterie van U dood en opstanding te verstaaan.
Toe het U aan hulle die taak toevertrou om boodskappers van hoop te wees,
en om die goeie nuus van U oorwinning oor sonde en dood te verkondig.
Terwyl ons strewe om hulle sending voort te sit, vra ons U om ons te help dat ons U opstanding deur ons lewensstyl openbaar.Amen .

**Laat ons sing**: (Tune: Christ the Lord is risen today CH no.44)

Christus het vandag verrys,
Christene, laat ons hom prys.
Lê jul huldiginge neer
By die voete van ons Heer.
Want die Lam moes boete doen
Om die skape te versoen.
Maar Hy het weer opgestaan
En die lewe ingegaan.

# 12. Twaalfde Stasie

## **Jesus vaar op na die hemel.**



*Daarna het Jesus hulle uit die stad gelei, tot by Betanië. Hy het Sy hande opgehef en hulle geseên. Terwyl hulle stip na die hemel bly kyk, staan daar meteens twee mans in wit klere by hulle en vra: "Galilieërs, waarom staan julle en staar na die hemel. Hierdie Jesus wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel sien weggaan het!".*
*(Lukas 24:50-52 / Handelinge 1:9-11)*


**Laat ons bid:**
Opgestaande Jesus Christus,
U belofte om die gawe van die Heilige Gees vir ons te gee
en U belofte om altyd by ons te bly, vervul ons met vreugde.
Waar U, die Hoof, ons voorafgegaan het in glorie,
hoop ons, die liggaam, om U te volg.
U sit aan die regterhand van die Vader,
bid vir ons nou want ons plaas ons hele hoop in U,
ons Ewige Priester. Amen.

**Laat ons sing:** (Tune: Hail the day that sees him rise)

Heil die dag wat Hy verrys, Halleluja!
Opvaar na die paradys, Halleluja!
God het by die mens gewoon, Halleluja!
Keer nou t'rug na hemels troon. Halleluja!

# 13. Dertiende Stasie

## Maria en die Apostels wag op die koms van die Heilige Gees



*Daarna het die dissipels teruggekeer na Jerusalem. Toe hulle daar aankom, het hulle opgegaan na die bovertrek waar hulle gebly het. Hulle het almal eensgesind in gebed volhard – saam met die vroue, en ook saam met Maria, die moeder van Jesus. (Handelinge 1:12-14)*

**Laat ons bid:**

Opgestaande Jesus Christus,
Hierdie klein groepie van U volgelinge,
wat in die bovertrek saam gewag en bid het, was die kerk in die beginstadium.
Ons is saam met die hele gemeenskap van die heiliges en bid
dat U die gawes van die Heilige Gees weer oor alle mense sal uitstort.
Mag U daardeur in die harte van U gelowiges dit volbring
wat U met die eerste verkondiging van die evangelie bereik het. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune:All people that on earth do dwell CH no 10)

Kom, Skepper Gees, besoek U Kerk
U wat vernuwe, ons versterk
Vul self U skepping, Heilig Gees,
Met krag op hierdie Pinksterfees.

# 14. Veertiende Stasie

## Pinksterfees –die Heilige Gees daal op die apostels neer soos tonge asof van vuur!



*Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Onverwags het daar uit die hemel 'n geluid soos dié van 'n kragtige stormwind opgeklink en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neergedaal. En almal is vervul met die Heilige Gees en het in ander tale begin spreek soos wat die Gees dit aan hulle gegee het om uit te spreek. (Handelinge 2:1-4)*

**Laat ons bid:**
God onse Vader,
ons bedank U vir U eniggebore Seun wie vir ons gestuur was om ons in U koninkryk op te neem. Vervul ons soos Sy eerste dissipels, met die krag van die Heilige Gees. Help ons om regverdig optetree, om innig lief te hê, en nederig met U te wandel. Help ons om 'n gemeenskap te word wat die mensdom dien in U groot plan om die aangesig van die aarde te hernu. Ons vra dit deur Christus onse Here. Amen.

**Laat ons sing**: (Tune: All people that on earth do dwell CH no. 10)

Kom Heil'ge Gees, wek op ons lied
Om uit te reik na daardie dag
Toe U met vure tonge bied
U volheid reeds te lank verwag.

OF

Kom, Skepper Gees, besoek U Kerk,
U wat vernuwe, ons versterk.
Vul self u skepping, Heilig Gees,
Met krag op hierdie Pinksterfees.

## Slotbeskouing

Jesus het nog baie ander tekens voor sy dissipels gedoen wat nie in hierdie boek geskryf staan nie. Hierdie dinge is egter neergeskryf sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat julle deur te glo die lewe in sy Naam kan hê.
(Johannes 20: 30-31)

## Regina Coeli

**(**‘n Tradisionele gebed vir die Paastyd)

Koningin van die hemel, verheug U, Halleluja.
**Want Hy, wat U waardig was om te dra, Halleluja**
Het opgestaaan soos Hy gesê het, Halleluja.
**Bid tot God vir ons, Halleluja.**
Verheug en verbly U, Maagd Maria, Halleluja.
**Want die Here het waarlik opgestaan, Halleluja.**

**Laat ons bid:**
God, wat U verwerdig het om die wêreld te verbly deur die opstanding van U Seun, onse Here Jesus Christus, ons smeek U: Laat ons deur sy Moeder, die Maagd Maria, die vreugde van die ewige lewe verkry. Deur dieselfde Christus, onse Heer.
**Amen.**

## Die kunstenaar

Vader Pierre de la Croix, ‘n Franse priester, wat byna sy hele lewe in Afrika deurgebring het, het ‘n spesiale gawe gehad om deur sy kuns die evangelie te inkultureer. Hy is goed bekend vir sy gebrandskilderde vensters en sy mosaïek kunswerke waardeur hy baie kerke veral in Rwanda en Gauteng versier het.
‘n Kenmerk van hierdie Weg van Lig is sy poging om in elke toneel met mense die veelrassige samestelling van die Suid-Afrikaanse maatskappy uit te beeld. Die apostels is nie almal swart of almal wit nie, maar ‘n gemengde spul. En afgesien van Petrus, word hulle doelbewus as jeugdige mense uitgebeeld.

# Die Weg van Lig in Suid-Afrika

In die vroeë negentige jare het ‘n Salesiaanse priester in Italië, Vader Sabino Palumbieri, die idee gehad om die kruiswegstasies van die Vastyd voort te sit in die Paastyd. Die oomblikke van Christus se lyding en passie sou vervang word met gebeurtenisse vanaf die dag van die Opstanding tot en met die uitstorting van die Heilige Gees op die Apostels op Pinkster. Kort daarna was ‘n kunstenaar, Giovanni Dragoni, gefassineer met die visie van Vader Sabiano en het die 14 stasies in hout gekerf. Die eerste Weg van Lig is op Paassondag 1994 op die heuwel van Becchi , die geboorteplek van St Don Bosco, geseën.
Binne enkele jare het hierdie besondere gebedsvorm in Italië baie gewild geword, maar dit was min bekend in ander gebiede.

In 1997 het ‘n span van die Jeug- Ministerie by die Don Bosco Sentrum naby Johannesburg besluit dat dit ook hier te lande ‘n baie gepaste gebedsvorm sou kon wees. Hulle het toe planne gemaak en ‘n kunstenaar genader om die 14 stasies uit te beeld. Die illustrasies in hierdie boekie is dié van die buitelug panele langs die Via Lucis Weg by die Bosco Sentrum.

## Via Lucis

Die kruiswegstasies, bestaande uit 14 stasies, veertien oomblikke gedurende die laaste 12 ure van Christus se lewe, is ‘n baie ou en bekende gebedsvorm van die kerk wat veral vir die Lydenstyd gepas is.  Maar die Kruiswegstasies pas nie vir die Paastyd nie, wanneer die klem op die opstanding val.

Die Weg van Lig daarenteen is bedoel om die werklikheid van die lewe en vreugde van die Opgestaande Heer in die bewussyn van die gelowiges te versterk. Net soos die Kruisweg is ook die Weg van Lig die reis na die hemel toe en gee voedsel vir die pelgrim se geloof, hoop en liefde. As die reis van elke Christen nooit die kruis kan vermy nie, herinner die Weg van Lig ons daaraan dat ons uiteindelike bestemming die vreugde van Pase is. Hierdie boekie help om die Weg van Lig as ‘n inspirirende en aantreklike gebedsvorm veral vir jong mense in ons land te bevorder.